**Kleinfontein Inwoners Vereniging**
OPREG – DOELGERIG – ROTSVAS
**Adres:** **Kleinfontein Plaas, Rayton, 1001**
**Web:** **kivgroep.co.za**
**E-pos:** kiv.kleinfontein@gmail.com

# PUBLIEKE KENNISGEWING

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

Dinsdag 01 April 2025

Kontak: Henk Celliers

Selfoon: +27 82 579 1363

e-pos: kiv.kleinfontein@gmail.com

Webwerf: kivgroep.co.za

## KA VERSUIM OM ARTIKEL 49 KENNISGEWING BESKIKBAAR TE STEL

Dinsdag 18 Maart 2025 het die KIV die volgende versoek aan KA Bestuur in ‘n skrywe gerig.

“ Die KIV versoek dus KA Bestuur om die Artikel 49 Kennisgewing wat op KA beteken was met die gewysigde eiendoms waardes, beskikbaar te stel aan al die inwoners. Verder moet KA Bestuur ook die gewysigde waardasierol toon wat aangeheg moet wees alvorens verhoogde erfbelasting gevorder mag word.”

Die KA Bestuur het die media oorstroom met ‘n berig wat hulle verdraaide weergawe van die verhoogde erfbelasting en aangepaste kategorie van erfbelasting na “Nie Toelaatbaar” uitbasuin. Maar die Artikel 49 Kennisgewing en gewysigde waardasierol

dokumentasie is, tot op hede, nog nie vrygestel aan die aandeelhouers of huurders nie. Die KIV beskou dus die "storie van Die KA Direksie en Bestuur" as 'n totale verdigsel en hier volg redes.

Die media het 20 Maart 2025 ‘n berig geplaas waarin die Adjunk Burgermeester Eugene Modise, vrae beantwoord oor die R 30 Biljoen finansieele krisis van die Tshwane Metro.

Modise het in die berig verwys na die nuwe waardasierol deur die volgende aanhaling: “Modise encouraged all customers to bring their municipal accounts up to date by visiting municipal offices. Customers can also visit Customer Care Walk-In Centres to make payment arrangements,” Modise said.

In addition to the debt relief programme, Modise highlighted that the City had completed a re-evaluation of properties for the purpose of levying property rates, with new tariffs set to take effect from July 1, 2025.

“The Valuation Roll for the period July 1, 2025, to June 30, 2029, is open for public inspection from February 26 to May 2, 2025,” Modise said

Moreover, Modise noted that property owners have been sent Section 49 notices, and the Valuation Roll is available on the City of Tshwane website.”

Hier het al Kleinfontein se Aandeelhouers en Huurders die waarheid wat betref die artikel 49 kennisgewing, wat die KIV versoek het van die KA Bestuur, direk vanaf die Adjunk Burgermeester self. Dit is dus nie ‘n KIV verdigsel nie maar ‘n feit. Die volledige berig verskyn onder die Agenda 25/30 web tuiste se “Nuus” afdeling.

Ons stel dit dus kategories aan die KA Bestuur en Direksie dat hulle leuens vertel aan al die aandeelhouers en huurders van Kleinfontein om die waarheid te verdoesel. KA Edms Bpk is reeds bykans R 5 Mil agterstallig op die erfbelasting rekenings. Die KA Bestuur en Direksie wil hulle versuim om erfbelasting verskuldig aan Tshwane Metro, te vereffen, weg steek, en hoop om daardie R 5 Mil onder die verhoogde fakture wat vanaf 01 Julie 2025 Kleinfontein sal bereik, te verskans.

Die huidige Direksie van KA Edms Bpk gaan voort met die gebruik van leuens om die waarheid weg te steek, ‘n gewoonte wat die KIV as uiters gevaarlik, onderduims en totaal onaanvaarbaar vind en verwerp. Die KIV versoek alle aandeelhouers en huurders om saam te staan en die KIV heelhartig en, soos die KIV, openlik te ondersteun met skrywes aan die KIV op die Agenada 25/30 web portaal. Die skakel tot die web portaal is: www.kivgroep.co.za en u skrywes sal die Kriminele ondersoek na die KA Bestuur en Direksie, deur die Valke se ondersoekspan, net verder versterk.

Die KIV het 'n sterk groeiende groep ondersteuners wat behulpsaam sal wees met die uitvoering van die KIV se beplanning en strategie om Kleinfontein te formaliseer. Die KIV Bestuur sal die mees bekostigbare strategie volg wat die geweldige risikos vir al die inwoners sal bestuur en omkeer in geleenthede. Die uitkoms sal tot voordeel van alle inwoners van Kleinfontein wees en die totale proses sal deursigting en deelnemend wees vir alle inwoners. Die KIV bestuur en ondersteuners beplan om hierdie onwikelling aan al die nakomingsvereistes van die Tshwane Metroraad te laat voldoen. U ondersteuning word hoog op prys gestel en waardeer.

Die KIV bestuur nooi u uit om ons te skakel en 'n koppie koffie saam met ons te geniet in openlike gesprek oor hierdie uiters belangrike fase van Kleinfontein se groei.

Groete van die KIV bestuur en vriende.